Polsslag

Gereformeerde Kerk Benoni,
Miles Sharpstraat 24B,
Rynfield, Benoni

www.gkbenoni.co.za

Agterblad

Polsslag

28 Februarie 2010

Gereformeerde Kerk Benoni,
Miles Sharpstraat 24B,
Rynfield, Benoni

www.gkbenoni.co.za

WELKOM

Die Gereformeerde Kerk Benoni wil graag al die gaste en besoekers, wat vandag se erediens bywoon, hartlik verwelkom. Indien u 'n nuwe intrekker is, meld asb. by een van die predikante, Braam Krüger of Sarel v.d. Walt aan, of kontak vir Ina Bolt (084 993 1136) of Gusta Botes (083 383 2605)

DIENSTYE

Oggenddiens: 09:00
Jeug: 17:00 (nie tydens skoolvakansies nie)
Aanddiens: 18:30

DIENSBEURTE

Hierdie week: Wyke 34,1,2,3
Volgende week: Wyke 4,5,6,7

DIE VOLGENDE LIDMATE IS VERKIES

Vir die amp van ouderling:

Willem Reyneke	Wyk 02
Roelf Herbst	Wyk 01
Hennie Venter	Wyk 02
Stephan Potgieter	Wyk 07
Pieter Muller	Wyk 09
Harrie Ligthelm	Wyk 04
Ertjies van Tonder	Wyk 09
Willem van Zyl	Wyk 14
Maarten Venter	Wyk 34
Chris le Roux	Wyk 31

Vir die amp van diaken:

René Bosch	Wyk 04
Sarel du Plessis	Wyk 20
Henco Smit	Wyk 32
Gerrie van der Merwe	Wyk 32
Jana Bezuidenhout	Wyk 34
Annette Venter	Wyk 26

GEMEENTEKAMP

Daar is nog baie plek, bespreek nou! Vir meer inligting en om te bespreek skakel vir Gavin 083 448 5277 of Elma 082 647 8948.

LOGO

Julle het seker gesien dat ons nou reeds vir'n tydjie van die logo hier onder gebruik maak. Die konsep vir die logo vind sy oorsprong in Rom. 12: 2, wat o.a. lees: "Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe". "Verander" is in Grieks die woord "metamorfeo" waar ons "metamorfose" vandaan kom. Dit het iets in van die verandering vanaf een voorkoms na 'n ander, soos 'n wurmpie wat verander in 'n skoenlapper. Ons sien dit as belangrike funksie van'n Christelike gemeente – ons gemeente – om enersyds lidmate te begelei sodat hulle hierdie transformasie of metamorfose te ondergaan- die heiligmaking waarvan daar in die Heilsweg geparaat word. Anders gesê: die afsterf van die ou mens en die opstaan van die nuwe mens. Verder moet ons ook in die wêreld waarin God ons geplaas het sy prag reflekteer – om die aandag op die Skepper te plaas. Ons vertrou dat hierdie logo iets van hierdie konsep visualiseer. Dankie aan Zanta du Plessis vir die ontwerp.

GEREFORMEERDE KERK BENONI

Dr. Braam Krüger – 011 849 9253 – 082 459 5636 braam@gkbenoni.co.za
Dr Sarel v.d. Walt – 082 920 1604 – sarel@gkbenoni.co.za
Herman Kloppers – 073 408 2226 – herman@gkbenoni.co.za

LIEF EN LEED

Ria Nel (072 185 8514) word vandag vir 'n galblaas-operasie (môre) opgeneem.

Louis Kruger (Koos Kruger se pa) is steeds in die Parkland hospitaal na `n baie groot operasie. Hy het intussen nog twee kleiner operasies ondergaan weens wonde wat nie wil genees nie. Daar lê `n lang rehabilitasieproses voor wanneer hy ontslaan word. Hy en sy familie het steeds voorbidding baie nodig.

ATTESTATE ONTVANG VAN

Johnothan du Preez, vanaf Brooklyn
Johanna Coetzee (Jana), vanaf Boksburg
Marinda v.d. Merwe, vanaf Cachet

POLSSLAGINLIGTING

Inligting wat in die polsslag geplaas moet word, moet asb. voor Donderdagmiddag 12:00 vm. na **polsslag@gkbenoni.co.za** gestuur word. (Polsslag met 'n dubbel "s")

KOLLEKTE

Vandag se kollektes gaan by die deure vir Bybelverspreiding en volgende week vir die Teologiese studentekas. Verlede week se kollektes was, **DVB: R4994** en **Emeritaatsversorging: R1861**.

KOOR

Die koor begin weer oefen. Kom sing saam tot eer van die Here. Ons kom by die teeportaal bymekaar om 17:15, Sondae, by die kerkgebou. Enige idees vir liedere en die Paasprogram is welkom**.**

PROJEKTOR EN KLANK

Almal wat wil/kan behulpsaam wees met die klank of projektor tydens dienste; daar is 2 persone per Sondag vir die eredienste nodig. Opleiding sal gegee word. Kontak asb. vir Tarina/Herman.

KATKISASIE:

Die Gr 3-klassie gaan vanoggend deur Donsie behartig word. Hulle bly in dieselfde klas.

VERJAARDAE

Hartlik geluk aan almal wat in die komende week verjaar.

28 Feb. Jaap Bekker - 011 849 1300
29 Feb. Wilhelm van Wyk – 083 655 2125
1 Mrt. Kobus Coetzer – 072 219 5641
1 Mrt. Paula van Niekerk – 083 521 1290
2 Mrt. Charmaine Krause – 082 554 3301
3 Mrt. Hannie Bosch – 073 249 3269
3 Mrt. Leon Nienaber – 079 363 4297
4 Mrt. Frikkie Steyn – 082 576 4947
5 Mrt. Lisa Laubscher – 082 902 2488
5 Mrt. Anna Smit – 072 775 0576
5 Mrt. Peet Venter – 083 400 7107
6 Mrt. Anne Amoraal
6 Mrt. Chris Barnard - 011 965 0498
6 Mrt. Nick Nortje – 084 623 9983

BANKBESONDERHEDE VIR BYDRAES

Alle bydraes kan in die onderstaande rekening inbetaal word. Merk duidelik by besonderhede u volle naam en doel. Lidmate word aangemoedig om van die aftrekorder-sisteem gebruik te maak. Daar is vorms beskikbaar by Andre Bakker, of Gusta Botes. U bydrae word dan outomaties op die 1ste van elke maand van u rekening verhaal.

Gereformeerde Kerk Benoni
Absa Bank
Tjek nr. 220340 333

GROETE

Hennie en Emmerentia v.d. Bijl stuur groete en seënwense aan die gemeente. Kees en Hinke Norel het hulle in hul nuwe huis in Bloemfontein besoek. Dit gaan goed met hulle en hulle is dankbaar dat hul naby hul kinders kan wees.

HAïTI

Dankie aan al die lidmate en diakonieë wat reeds hulle harte oopgemaak het of beplan om die slagoffers van hierdie natuurramp te help.

BEROEPE ONTVANG:
Ds. CJJ Putter van Potgietersrus na Phalaborwa.

BEROEPE AANVAAR:
Proponent JF Mouton na Potchefstroom-Mooirivier.

PAPIER-HERWINNING
Die Mondi-houer by die Farrarmere gebou is weer deur brand vernietig. Reëlings vir 'n nuwe houer is getref en dit sal by ons Rynfield-gebou afgelewer word sodra daar weer voorraad is. Intussen kan die afvalpapier steeds by die blou houers wat daarvoor beskikbaar is, afgelewer word. Die projek lewer 'n redelike ekstra inkomste per maand, so ons doen 'n beroep op almal om die projek te ondersteun.

OP DIE PROGRAM:
***Maandag*:** Bybelstudie 9:30 Rynpark
Depressie steungroep 19:30
Bedieningskommissie 18:00
"Band" oefening 19:00
Dinsdag: Bybelstudie 18:30
Bybelstudie 19:30
***Woensdag*:** 20'something Bybelstudie 18:30
***Donderdag*:** Afhanklikheidssteungroep 19:00
Gebedsgroep 19:30 Rynpark 5 nr. 90
Bybelstudie Hoërskooljeug 19:00
***Vrydag*:** Bybelstudie 8:30
Hoërskool jeug 19:00

SUSTERS
Die sustersmandjie wat die rondte doen tussen ons susters moet asb. aan Donsie Krüger besorg word. Die nuwe jaar het begin en ons is bly om aan te kondig dat die Sustersaksies nou weer begin. Ons sal julle binnekort laat weet van ons program vir die jaar. Ons benodig 'n subkomitee van ongeveer 4 susters. As jy deel wil wees van die span wat die beplanning gaan doen vir hierdie jaar gee jou naam asb. aan Donsie of Anina.

Onthou die Sustersaamtrek 13 Maart !

HUISBESOEK VERSOEKE
Huisbesoeke deur Braam vorder maar stadig. Daar word deur die wyke gewerk, maar net Donderdae-aande is gewoonlik vir besoeke beskikbaar. Twee of hoogstens drie besoeke kan per aand ingepas word. Daarom is daar by die deure vormpies wat jy kan invul en in die toegewysde bussie gooi as jy 'n spoediger besoek wil kry.

KRUGERSDORP-WES WORTEL–GOLFDAG
Die bekende Worteldag- Golfdag word weer hierdie jaar op **2 Maart 2010** deur Krugersdorp-Wes by die Randfontein Golfbaan aangebied. Die fondse wat ingesamel word gaan vir die Gemeentefonds en die Paul Kruger Kinderhuis Reddersburg.
Koste R1000, vierbal.
Borg R1000 per putjie.
Kombinasie R1500 (vierbal en borg).
Ondersteun asb. die dag.
Kontak Stefan 083 647 3313.

Dopper Jeug

VEELS GELUK!
Geluk aan almal wat hierdie week verjaar!
1 Mrt. Rouxlene Gouws – 082 782 5573
2 Mrt. Nickel du Plessis
4 Mrt. Wian Jansen - 011 849 9321
6 Mrt. Hein Van Tonder - 011 849 2245

TIENER BYBELSTUDIE
Donderdag om 19:00 – 21:00. Ons gesels oor vriende. Bring 'n Bybelteks oor vriende (goeies en slegtes) saam.

VRYDAG - TIENER AKSIE 19:00
Johan Eloff vertel oor sy werk by Elim, 'n rehabilitasiesentrum vir verslaafdes.

KAMP
Hierdie jaar kamp ons op Jakkalsdraai in die Vredefort- koepel van 26 – 30 Maart @ R400. Laat weet Herman Kloppers as jy saamgaan 073 408 2226